basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

2014

GRAAD 9

AFRIKAANS HUISTAAL

MODELVRAE

Hierdie boekie bestaan uit 35 bladsye, die voorblad uitgesluit.

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS (JNA) MODELVRAE

1. Hoe om die modelvrae te gebruik

Alhoewel die modelvrae vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef **die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie**. **Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les**. Sorgvuldig geselekteerde individuele modelvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

1.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

1.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

1.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

1.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van modelvrae.

2. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte antwoorde (nasienriglyne) word by elke modelvraag gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

3. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die eksemplaar vraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het.

Die vrae begin op die volgende bladsy.

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord VRAAG 1.1 tot 1.14.2.

PITKOS

Die gevaarlike nagevolge van 'n slegte dieet is welbekend; hoekom verskaf so baie Suid-Afrikaanse skole dan steeds gemorskos aan ons kinders?

1. “Ek leer oor ‘n gesonde gebalanseerde dieet, maaltydporsies en voeding in Verbruikerstudie. Ek weet van die voedselpiramide en die vitamiene en minerale wat ons liggame nodig het, maar ek kan net goed soos sjokolade en gaskoeldrank by my skoolsnoepie koop,” sê Allie Metcalf (16), ‘n graad 11-leerder aan ‘n skool in Kaapstad langs die Atlantiese kus. “Wanneer ek daardie voedsel eet, voel ek vet en ongesond, en wil dan ‘n paar vrugte eet om die olierige smaak weg te neem.

2. Natuurlik is die olierige smaak die minste van die probleme wat verband hou met ‘n dieet hoog in versadigde vette, sout en suiker en laag in die bestanddele wat noodsaaklik is vir groei en ontwikkeling. In 1999 het die Nasionale Huishoudelike Voedselverbruiking studie bevind dat 17% van stedelike Suid-Afrikaanse kinders onder die ouderdom van nege oorgewig was. Die 2010 *Gesonde Aktiewe Kinderverslag* het bevind dat die voorkoms van kinders wat oorgewig is, die afgelope jaar tot 20% toegeneem het en vetsug van 4 tot 5%.

3. Kwessies wat verband hou met vetsug sluit in osteoartritis, slaapapnee (wanneer mense tydelik ophou asemhaal terwyl hulle slaap) en sielkundige probleme (oorgewig kinders word dikwels sosiaal uitgesluit en deur boelies geteiken); intussen is die metabolistiese gevolge van oorgewig soos volg:, lei tot koronêre siektes, hoë bloeddruk, tipe 2-diabetes en sekere vorme van kanker.

4. ’n Groter probleem as die hoeveelheid kilojoules in gemorskos, is die swak voedingswaarde. As gevolg van die inname van "leë" kalorieë (dit wat mae vol maak, maar geen voedingswaarde verskaf nie), ontwikkel kinders geestelike en fisiese tekorte aan noodsaaklike vitamiene en minerale wat hulle groei en ontwikkeling beïnvloed.

5. Hoekom is daar dan so baie Suid-Afrikaanse skole – plekke wat die groei en ontwikkeling van kinders moet te bevorder – wat gemorskos in hul snoepwinkels beskikbaar stel?

6. ”Saam met die versnapperinge, kan ons ook gekookte kos by ons snoepie koop - oliebolle, warm skyfies, hamburgers, geroosterde toebroodjies en shawarmas, maar die meeste van dit is gebraai of in baie olie voorberei,” sê Allies, wie se skoolsnoepie deur ‘n plaaslike spysenieringsmaatskappy bestuur word.

7. En die redes hiervoor blyk kommersieel te wees. "Ek dink die snoepie verkoop gemorskos, omdat kinders daarvan hou; dis 'n manier om geld te maak. Ek weet nie waar hulle die produkte vandaan kry nie en ek dink ook nie dis van ‘n goeie gehalte nie. Ek hou nie van al die olie en braaiery nie en dit lyk nie baie skoon nie."

8. Die winste wat deur snoepwinkels gemaak word, kan voordelig vir ‘n skool se finansiële posisie wees, om nie te praat van die vermoë om spesifieke aktiwiteite te finansier, toerusting te koop en vir nuwe bouwerk te betaal nie. Die persepsie blyk te wees dat indien ‘n skool van al die gaskoeldrank, pasteie, aartappelskyfies, worsbroodjies en sjokolade ontslae moet raak, sal kinders niks koop nie (of beslis baie minder koop as

waaraan hulle gewoond was). Dit alles beteken laer winsgrense, of so lui die argument.

9. Uitkontraktering kan goed wees. ʼn Vennootskap tussen Kauai en Reddam House Skole bied spyskaarte met 'n verskeidenheid slaaie, warm etes en vrugteskommels aan. Alles van vars bestanddele in 'n kinder-vriendelike omgewing gemaak. Skandinawië het 'n paar van die beste skoolopleidingsuitkomstes in die wêreld, 'n feit waarvoor ingeligtes die krediet aan voeding gee. Wanneer kinders gesond eet, floreer hulle.

10 Hudson Park Primariê Skool in Oos Londen, het ‘n program genaamd Live Well Excel, van stapel gestuur. Dit behels gesonde snoepiekos, meer buitemuurse aktiwiteite, meer waterinname (gefiltreerde waterfonteine is strategies oral op die skoolgrond geplaas), en die instelling van ‘n daaglikse “sip ‘n’ crunch” tyd om 9:00. Die happie – bestaande uit water en ‘n porsie vars vrugte, groente of neuter – gee hulle die broodnodige energie-hupstoot. Die skool moedig ook ouers aan om gesonder kospakkies te pak. Die skool stuur elke paar weke ‘n nuusbrief met bykomende inligting en ondersteuning vir gesonder eetgewoontes uit.

11. Die Hudson Park program is geïnisieer deur 'n groep ouers, insluitende 'n plaaslike dr. Die skoolsnoepie het ook veranderinge oor 'n tydperk van ongeveer ses maande gemaak. Jy kan nou 'n tuna en tuisgemaakte mayo tramezzino, lae GI-teekoekies, 'n gebraaide hoenderburger en vrugtesap koop. Oliebolle is 'n ding van die verlede.

[Aangepas uit ‘n artikel deur Joanne Lillie in *Discovery tydskrif*, 2013]

1. 1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

1.1.1 Waarom het die skrywer die artikel geskryf?

A Om te beklemtoon dat leerders gemorskos geniet.

B Om te wys dat vetsug tot hartsiektes en tipe 2-diabetes kan lei.

C Om ouers en skole aan te moedig om gesonde eetgewoontes te bevorder.

D Om te wys hoe voordeling winste deur snoepwinkels gemaak vir 'n skool se finansiële posisie kan wees.

Omkring die letter van die korrekte antwoord

1.1.2 Identifiseer die hoofgedagte wat die artikel die beste beskryf.

A Leerders hou daarvan om gemorskos tee eet.

B Vetsug kan tot hartsiektes en tipe 2-diabetes lei.

C Ouers en skole moet aangemoedig word om gesonde eetgewoontes te bevorder.

D Winste gemaak deur snoepwinkels kan voordeling vir 'n skool se finansiële posisie wees.

1.1.3 Wat is die doel van die artikel? Bespreek.

_____

_____

1.2 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.2.1 Identifiseer die hoofgedagte wat paragraaf 3 die beste beskryf:

A Mense sukkel om te slaap.

B Oorgewig kinders word deur boelies geteiken.

C Om oorgewig te wees, kan ‘n hartaanval veroorsaak.

D Fisiese en psigiese probleme geassosieer met oorgewig.

1.2.2 Identifiseer die hoofgedagte wat paragraaf 8 die beste beskryf.

A Gesonde kos is goedkoop.

B Gemorskos het winste tot gevolg.

C Kinders verkies gesonde kos.

D Skole maak wins uit gemorskos.

1.2.3 Identifiseer die hoofgedagte wat paragraaf 10 die beste beskryf.

A Die skool het ‘n program wat gesonde leefwyses bevorder.

B Die skool samel fondse vir spesifieke skool verbeterings in.

C Slegs gesonde kosse word tydens die program by die snoepie verkoop.

D Die leerders word aangemoedig om vars gefiltreerde water te drink.

1.3

1.3.1 Waarom is *Gesonde Aktiewe Kinderverslag* in skuinsdruk geskryf?

_____

_____

1.3.2 Wat is die doel van die hakies soos in paragraaf 3 gebruik?

_____

_____

1.3.3 Hoekom word daar ‘n koppelteken by die woord “GI-teekoekie” (paragraaf 11) gebruik?

_____

_____

1.4 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.4.1 Die afkorting dr. in die konteks van paragraaf 11 beteken:

A direkteur

B drywer

C dirigent

D dokter

1.4.2 Die afkorting ’n’ in “sip ‘n’ crunch” (paragraaf 10) beteken:

A dan

B en

C ne

D a

1.4.3 Die afkorting P/S in paragraaf 10 beteken:

A Prima Skool

B Primêre Skool

C Privateskool

D Plaasskool

1.5.1 Verwys na paragraaf 7.

Stem jy saam met die leerder dat snoepwinkels gemorskos verkoop, omdat kinders daarvan hou?

Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____

1.5.2 Verwys na paragraaf 3.

Stem jy saam met die skrywer dat kinders wat oorgewig is soms sosiaal uitgesluit word en deur boelies geteiken word?

Gee ‘n rede vir jou antwoord**.**

_____

_____

1.5.3 Verwys na paragraaf 8.

Stem jy saam met die skrywer dat winste wat by die skoolsnoepies gemaak word, voordelig vir die skool se finansiële posisie is.

Gee ‘n rede vir jou antwoord**.**

_____

_____

1.6 Omkring die letter van die korrekte antwoord

1.6.1 Identifiseer die ondewerpsin (kernsin) in paragraaf 9.

A Uitkontraktering kan goed wees.

B ʼn Vennootskap tussen Kauai en Reddam House Skole, bied spyskaarte met 'n verskeidenheid van slaaie, warm etes en vrugteskommels.

C Skandinawië het 'n paar van die beste skoolopleidingsuitkomste in die wêreld, 'n feit waarvoor ingeligtes krediet aan voeding gee.

D Wanneer kinders gesond eet, floreer hulle.

1.6.2 Skryf die onderwerpsin (kernsin) van paragraaf 9 neer.

_____

_____

1.6.3 Wat is die onderwerpsin (kernsin) van paragraaf 11.

_____

_____

1.7 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.7.1 Vervang die voorvoegsel van die woord “toegeneem“ in paragraaf 2 om dit na ‘n antoniem te verander.

A Nie geneem

B Opgeneem

C Afgeneem

D Bygeneem

1.7.2 Voeg ‘n voorvoegsel by die woord “versadigde” in pagraaf 9 om dit na ‘n antoniem te verander.

A Onversadigde

B Oorversadigde

C Versadiglose

D Byversadigde

1.7.3 Voeg ‘n voorvoegsel by die woord “voeding” om dit na ‘n antoniem te verander.

A Oorvoeding

B Onvoeding

C Wanvoeding

D Vervoeding

1.7 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.8.1 Verwys na die onderstaande sin en sê of dit ‘n FEIT of ‘n OPINIE is. Verduidelik jou antwoord.

Die 2010 *Gesonde Aktiewe Kinderverslag* het bevind dat die voorkoms van kinders wat oorgewig is, die afgelope jaar tot 20% toegeneem het en vetsug van 4 tot 5 % (paragraaf 2).

_____

_____

1.8.2 Dink jy dat die persentasies wat gegee is, ‘n ware weergawe is? Motiveer jou antwoord met inligting uit die leesstuk.

_____

_____

1.9.1 Stem jy saam met die skrywer se opinie dat die kinders se voeding asook dit wat by die skoolsnoepie verkoop word, die skool se verantwoordelikheid is. Gee ‘n aanhaling as bewys vir jou antwoord.

_____

_____

1.9.2 Is die skrywer van mening dat die gemorskos wat by die snoepie verkoop word, lei tot goeie akademiese prestasie? Gee ‘n aanhaling as rede vir jou antwoord.

_____

_____

1.10 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

1.10.1 Die betekenis van die woord "verskaf" in die konteks van die inleiding is:

A Verkoop van dwelmmiddels.

B Aankoop van voedsel.

C Verkoop van voedsel

D Verkoop van goedere op straat.

1.10.2 Die betekenis van die woord “kommersieel” in die konteks van paragraaf 8 is:

A Oorvloedig.

B Bekommerd wees.

C Winsgewende organisasie.

D Liefdadigheidsorganisasie.

1.10.3 Wat is die betekenis van die woord “bykomende” in konteks van paragraaf 10?

A Later

B Minder

C Geen

D Ekstra

1.11.1 Verbind die volgende sinne deur van die voegwoord “en” gebruik te maak.

Die skool moedig ouers aan om gesonder kospakkies te pak.

Die skool vergoed leerders met ‘n plakkertjie vir elke gesonde kospakkie.

_____

_____

1.11.2 Verbind die volgende sinne deur van die voegwoord “omdat” gebruik te maak.

Ek bestel altyd warm skryfies.

Dit is my gunsteling kossoort.

_____

_____

1.11.3 Verbind die volgende sinne met die voegwoord “maar”.

Ek hou van hoender.

Ek hou nie van vis nie.

_____

_____

1.12.1 Gee ‘n **sinoniem** vir die woord “gefilteerde” in die konteks van paragraaf 10.

_____

1.12.2 Gee ‘n **sinoniem** vir die woord “kwessies” in die konteks in paragraaf 3.

_____

1.12.3 Gee ‘n **sinoniem** vir die woord “persepsie” in konteks in paragraaf 8.

_____

1.13.1 Dink jy dat die skool se Live Well Excel program (paragraaf 10), ’n impak op die leerders se algehele uitslae sal hê? Motiveer, jou antwoord.

_____

_____

1.13.2 Dink jy dat leerders gesonde kos sal koop?

_____

_____

1.13.3 Dink jy dat snoepies steeds ‘n wins sal maak?

_____

_____

1.14.1 Watter tipe teks is dit?

_____

1.14.2 Gee ‘n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.14.2.

_____

_____

2.1 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede.

John Berry het gesê: “Ons is passievol oor die verandering in die kultuur van eet.”

Begin soos volg:

John Berry het gesê dat _____

_____

2.2. Beantwoord die volgende vrae oor die hoofsin en die bysin.

2.2.1 Skryf die hoofsin en die bysin in die onderstaande sin neer.

Die happi – bestaande uit water en 'n stukkie van vars vrugte, groente of neute– gee hulle die broodnodige energie-hupstoot.

2.2.1 Hoofsin: _____

2.2.2 Bysin: _____

2.3 2.3 Identifiseer die onderstreepte woordsoorte in die onderstaande sin.

<u>Mense</u> skeep <u>voortdurend</u> hulle gesondheid of <u>vir</u> gerief.

2.3.1 mense _____

2.3.2 voortdurend _____

2.3.3 vir _____

2.4 Gee die meervoudsvorm van die volgende woorde:

2.4.1 mes _____

2.4.2 tamatie _____

2.4.3 kos _____

2.4.4 waarde _____

2.4.5 toebroodjie _____

2.4.6 kultuur _____

2.5 Kies die korrekte vorm van die werkwoord en skryf dit in die spasie wat voorsien is, neer.

Vis en skyfies (2.5.1) is/was nie deel van ‘n gesonde leefstyl nie.
‘n Happie van vrugte en neute (2.5.2) gee/het gegee ‘n kind energie.
Ek hou nie van baie olie nie en ook nie dat alles daarin gebraai moet word nie.
Die olie (2.5.3) is/was nie altyd skoon nie.

2.5.1 _____

2.5.2 _____

2.5.3 _____

2.6 Die volgende paragraaf het 5 foute. Verbeter die spelfoute en taalfoute.

Hulle maltye en versnapperinge sluit ‘n verskydenheid kosse in elke kosgroep voor omte verseker dat die kinders ali essentieel nutrient verkry.

2.6.1_____
2.6.2_____
2.6.3_____
2.6.4_____
2.6.5_____

2.7 Kies die korrekte vorm van die bywoord tussen hakies.

2.7.1 Ek het die maaltyd (spesialiteit/spesiaal) vir jou gekook, so ek hoop jy hou daarvan.

2.7.2 Sy eet (soms/somtyds) ‘n groot ontbyt.

2.7.3 Gemorskos is (redelik/onredelik) goedkoop.

2.7.1 _____

2.7.2 _____

2.7.3 _____

2.8 Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd.

Die onderwysers het agtergekom dat die leerders tussen ontbyt en eerste pouse rusteloos raak.

_____

_____

2.9 Omkring die letter van die mees gepaste voorsetsel wat in die sin gebruik kan word.

2.9.1 Gemorskos is ‘n term _____ kos wat vining voorberei kan word en ook vinnig bedien kan word.

A omtrent

B met

C vir

D by

2.9.2 Enige maal met kort voorbereidingstyd kan _____ gemorskos beskou word.

A omtrent

B met

C as

D by

2.9.3 McDonalds is die wêreld se grootste korporasie _____ gemorskos restaurante.

A in

B van

C met

D omtrent

2.10 Lees die onderstaande uittreksel deeglik deur. Jy moet die volgende doen:

- Som die onderstaande uittreksel in jou eie woorde in VYF (5) punte op.
- Elke punt moet ‘n volsin wees.
- Geen punt mag meer as TWAALF woorde hê nie.
- Skryf die aantal woorde gebruik, na elke punt, neer.

Wenke: vyf gesonde eetgewoontes

Jy weet dat jou gesondheid grootliks afhang van wat jy eet – lewe op hamburgers en warm skyfies en jou liggaam sal baie gou die simptome daarvan begin wys. Hier is ‘n paar gesonde eetgewoontes om jou te help om belangrike besluite te neem oor jou dieet.

1. Sukkel jy om te konsentreer? Dit mag jou dieet wees. As jy van gemorskos soos pizza, skyfies en oliebolle leef en jou middeltjie begin breër raak, het jou liggaam ‘n tekort aan vitamienes en minerale en dit veroorsaak swak konsentrasie. Eet gesonde kos soos vrugte en groente (sitrus, kiwi, broccoli, appel, piesangs, aartappels), vis en grane. Vis voorsien die liggaam van omega-3-vetsure, wat glo help met konsentrasie –vermoëns. Grane verskaf koolhidrate, wat help met energie vir beide die brein en liggaam.

2. Tyd eis egter sy tol op die vel, maar daar is maniere om die proses te vertraag. Een oplossing vir ‘n gesonde, jeugdige vel is om ‘n gebalanseerde

dieet, ryk aan beskermende nutriente soos vitamines, minerale en vesel, te volg. Bou voorrade van vars vrugte en groente, grane, laevet melk, joghurt en kaas, vleis met min vet, vis en eiers, en poli- of mono onversadigde vette en olies op om te verseker dat jy al die vitamines, minerale en omega – vetsure vir ‘n mooi, gesonde vel kry. Doen gereeld oefeninge – ten minste drie tot vier keer per week – om jou bloed-en-suurstof toevoer na jou vel te verbeter. Vermy die son.

3. Resultate van ‘n nuwe Amerikaanse studie het getoon dat ‘n goeie ontbyt een van die pasitiefie dinge is wat jy kan doen, indien jy probeer om gewig te verloor of as jy gewigsverlies wil handhaaf. Ontbyt help jou om hongerpyne asook die inneem van kos deur die dag te handhaaf. Persone wie geneig is om ontbyt oor te slaan, tel gewig op. ‘n Gebalanseerde ontbyt sluit in ‘n vars vrug of vrugtesap, hoë-vesel ontbytvlokkies, laevet melk of joghurt, volgraan geroosterde brood, en ‘n gekookte eier. Koop vandag jou vars vrugte en begin môre volstoom.

4. Tamaties is ‘n superster in die groentewêreld. Tamaties bevat likopeen, ‘n magtige kankervegter. Hierdie groente is ook ryk aan vitamiene C. Die Britse Thoracic Gemeenskap sê dat tamaties en appels die risiko aan asma en chroniese longsiektes kan vermider. Om die voordele te geniet, eet vyf appels per week of ‘n tamatie elke tweede dag. Gekookte tamaties is ook goed. So, gebruik dit in pasta, sop en kasserol asook in slaaie.

5. Wanneer jy onder druk is, skei jou liggaam kortisol af. Dit kan ‘n geweldige lus na kos veroorsaak, veral na vette en koolhidrate wat druk aanhelp. Die regte dieet sal so ‘n respons kan kortwiek. Eet gereelde klein maaltye en hou vrugte en groente naby. Kruietee sal ook help om uitgerafelde senuwees te kalmeer. Onverfynde koolhidrate, neute en piesangs help met die vorming van serotonien, die “goed-voel”dwelm. Klein hoeveelhede van proteiene wat die aminosuur triptamien bevat, kan jou ‘n hupstoot gee as druk jou moeg maak.

[Aangepas uit http://www.health24.com/Lifestyle/Man/Your-body/Five-healthy-eating-tips-20120721]

- Skryf die woorde wat jy gebruik, na elke punt neer.

2.10.1_____

_____

2.10.2_____

_____

2.10.3_____

_____

2.10.4_____

_____

2.10.5_____

(5)

3.

3.1 **Omkring die letter van die korrekte antwoord.**

3.1.1 Die hoofgedagte van die advertensie is die advertering van …

A Romance

B Klein Karoo Kunstefees

C volstruisvleis

D resepteboeke

3.1.2 Wat is die doel van die advertensie?

A Om bewustheid oor die Klein Karoo tuis te bring.

B Om mense aan te moedig om volstruis vleis te eet.

C Om die SABS se goedkeurig uit te beeld.

D Die advertering van ‘n volstruisplaas in die Klein Karoo.

3.2 Wat is die emosionele uitwerking van die advertensie op die leser?

_____

_____

_____

3.3 Identifiseer die beeldsparaak in die opskrif.
Volmaak, Vollewe. Volop, Volledig, Volkome Volstruis.

_____

3.4 Watter teikengroep sal op die advertensie reageer?

_____

_____

3.5 Het die advertensie jou oortuig om volstruisvleis te eet? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____

3.6 Verduidelik die gebruik van manipulerende taal in die advertensie.

_____

_____

4 Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Japan

Wit en blou en bruin
pophuisies van karton,
pikant en klein,
lê sorgloos rondgestrooi
– Vergete speelgoed van ’n kind – 5
Tussen goudgeel akkers rys.
Riviertjies trippel na die see.
Klein vlaktes strek soos groen kimono’s uit
Om deur die wit strykyster van die son
uitgestryk te word 10
voordat die oesfees in die najaarstyd begin.
Soos op ’n poskaart glimlag Fuji in die verte

sneeuwit en vredig in die verte teen die blouste, blouste lug.

Die sneltrein – groot sywurm –
het in Tokio hom knuppeldik geëet
aan mense en bagasie,
nou krul hy lustig aan
na Hirosjima.
Sy spore lê soos fynblink syedrade in die son.
Die klikgeluide van sy wiele tik
Die ritme van ’n opgewekte lied
asof die hele land
al lankal klaar vergeet het van
die wonde
van Hirosjima en Nagasaki.

Maar êrens in ’n tempel het ek haar ontmoet:
met sewe wierookstokkies in haar hande
bid ’n erg verminkte vrou
na elke môre knielend
die afgestorwe siele
van haar hele huisgesin:
een stokkie vir haar man,
en een vir elke kind.

[Bron: Onbekend]

Woordverklarings: Kimono's: Tradisionele kleredrag van vroue in Japan. Fuji: Bekende hoë berg in Japan. Hirosjima en Nagasaki: Die Geallieerde magte het tydens die Tweede Wêreldoorlog atoombomme op die twee stede laat val om Japan tot oorgawe te dwing.

4.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

4.1.1. Identifiseer die tema van die gedig.

A Die natuurskoon van Japan teenoor die verlies van lewens

B Japan se hoë bevolkingsyfer

C Die sneltrein se roete

D Al die besienswaardighede in Japan

4.1.2 Wat is die hoofgedagte van die gedig?

A Tyd genees wonde

B Die oorlog in Japan

C Sneltreine is gewild in Japan

D Hongersnood

4.1.3 Die universele tema/idee van die gedig is:

A Alle mense beleef hartseer tye

B Die land se natuurskoon

C Vervoerstelsels in verskillende lande

D 'n Gesonde gesinslewe

4.1.4 Identifiseer die toon van die gedig.

A Woede en wanhoop

B Verwondering en hartseer

C Dankbaarheid en geloof

D Geluk en humor

4.1.5 Die gevoel en emosie wat in die gedig uitgebeeld word, is die van:

A woede en wanhoop.

B verwondering en hartseer.

C dankbaarheid en geloof.

D geluk en humor.

4.1.6 Waarom vergelyk die spreker die huise met “pophuise”?

A Die mense in Japan is klein.

B Die huise is baie klein.

C Dit is speelgoedhuise.

D Daar is baie huise.

4.2.1 Hoe voel die digter oor Japan?

_____

_____

4.2.2 Watter boodskap wil die digter aan die leser oordra?

_____

_____

4.2.3 Wat is die funksie van die leestekens in versreël 5?

_____

_____

4.3 Identifiseer die beeldspraak in die onderstaande reëls.

4.3.1 Noem die beeldspraak in versreël 7.

_____

4.3.2 “Die sneltrein – groot sywurm –“

_____

4.3.3 “Sy spore lê soos fynblink sydrade in die son.”

_____

4.3. 4 “Soos ‘n poskaart glimlag Fuji in die verte”

_____

4.3.5 Dui die alliterasie in reël 20 aan.

_____

4.3.6 Wat wil die skrywer met die alliterasie bereik?

_____

4.3.7 Waarmee word “die son” in versreël 10 vergelyk?

_____

4.3.8 Watter kontras is daar tussen die stemming/atmosfeer van die eerste twee strofes en die derde strofe?

_____

_____

4.4

4.4.1 Die woord “uitgestryk” kan binne ‘n letterlike of figuurlike konteks gebruik word. Verduidelik beide.

Letterlik:_____

Figuurlik: _____

4.4.2 Verduidelik hoe die uitdrukking van die digter “al lankal vergeet het van wonde” letterlik en figuurlik geïnterpreteer kan word.

4.4.2 Verduidelik hoe die uitdrukking van die digter “al lankal vergeet het van wonde” letterlik en figuurlik geïnterpreteer kan word.

4.4.3 Verduidelik hoe die woord “uitgestryk” letterlik en figuurlik gebruik kan word.

_____

_____

[10]

VRAAG 5 - SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

5.1 Wat is die doel van die strokiesprent?

_____

_____

5.2

5.2.1 Watter tipe werk doen die twee persone volgens jou?

_____

_____

5.2.2 Waar, dink jy, bevind die twee persone hulle?

_____

_____

5.2 5.3.1 Skryf (in dialoogvorm) wat jy dink die vrou se reaksie op die man se verklaring oor donuts sou wees.

_____

_____

5.3.2 Wat impliseer die kolletjies bokant die vrou se koffiebeker?

_____

_____

5.4.1 Wat dui daarop dat die man sy donut geniet?

_____

5.4.2 Watter emosie word deur die vrou se gesigsuitdrukking uitgebeeld?

A Verrassing

B Jaloesie

C Woede

D Hartseer

5.5 Hoe woord die twee karakters in die spotprent gestereotipeer as kantoorwerkers?

_____

_____

5.6 Dink jy die "gesonde versnapperingswenke" kennisgewing teen die muur sal 'n impak op die werkers hê?

_____

_____

5.7 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die humor in die spotprent word uitbeeld deur die gebruik van:

A innuendo.

B sarkasme.

C ironie.

D woordspeling.

6. **VRAAG 6 – SKRYFWERK**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n beskrywende/verhalende opstel van ongeveer 150 – 200 woorde (3 – 4 paragrawe).

6.1 ‘n Goeie vriend/in het jou genooi om die onwelriekendste pik-en-proe maaltyd, wat vreemde disse soos krappote, slangvleis, ens. insluit, te kom geniet.

Beskryf die disse wat beskikbaar was asook jou ervaring van die geleentheid.

6.2 Daar is altyd ‘n gereg wat jou ma/ouma beter as enigiemand anders maak. Iets wat jy nie kan verhelp nie, as om met die huis te assosieer nie. Skryf oor die ete (of etes) wat sy voorberei het en die herinneringe wat dit by jou oproep.

INSTRUKSIES

- Voorsien jou opstel van 'n gepaste titel.
- Beplan jou opstel in die ruimte wat daarvoor voorsien is.
- Skryf jou finale opstel in die ruimte wat voorsien word.

Jou opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

Beplanning en aanbieding
Lengte en struktuur
Oorspronklikheid en doeltreffendheid van idees
Register/styl/toon
Grammatika, woordeskat, spelling en punktuasie
Relevansie (bly op die onderwerp)

Beplanning

(20)

FINALE PRODUK